

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Noag, die Nefilim en Eindtye

Deel 1. Inleiding

Genesis hoofstuk 6, veral dit wat aanleiding tot die sondvloed gegee het, is een van die mees omstrede hoofstukke in die Afgesonderde Skrifte. Die rede is dat dit 'n onderwerp bevat, naamlik die “die seuns van God”, asook verwysend na die reuse van voor en na die vloed, wat na meer as vierduisend jaar steeds grootliks deur die Christendom vermy word! En tog is dit uiters belangrik om 'n studie van hierdie onderwerp te maak, want dit het betrekking op eindtydgebeure!

Ons almal weet die rede vir die sondvloed soos dit ondermeer in Gen. 6:5-7 (PWL¹) opgeteken is:

- ⁵ יהוה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, altyddeur boos was
⁶ en יהוה was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste.
⁷ יהוה sê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het.”

En ons weet ook dat Noag egter guns gevind het in die oë van יהוה (Gen. 6:8) en daarom volgens God se opdrag 'n ark gebou het vir hom en sy vrou, asook vir sy twee seuns en hulle vrouens (Gen. 6:14-16). Altesaam agt mense, tesame met die diere wat Noag in die ark ingebring het, het God se oordeel oorleef. Maar min gelowiges verstaan “die storie agter die storie”, naamlik van die “seuns van God” en die “reuse” wat die grootste rede was vir God se oordeel.

Wanneer ons die Skrifte, veral 'n bepaalde onderwerp bestudeer, het ons almal vooropgestelde idees! Daarom moet ons met hierdie studie van Noag, die Nefilim en eindtydgebeure die volgende wyskede ter harte neem:

There is a principle which is a bar against all information; which is proof against all argument, and which cannot fail to keep man in everlasting ignorance. That principle is condemnation before investigation!! – Edmund Spencer.

The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth – Paul Abelard.

Hy wat 'n antwoord gee voordat hy gehoor het, is 'n dwaas en nikswerd. Spr. 18:13

Glo jy omrede dit die waarheid is, of is dit die waarheid omrede jy dit glo?

Die gevaar is nie in wat ons nie weet nie, maar die gevaar is in dit wat ons dink ons weet!!

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Die tye waarin ons leef, som Sha'ul in 1Kor. 10:11-12 soos volg op: “.....want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie”. Daarom is daar groot waarheid in die volgende:

All the signs of the last days are converging at the same time. Bible Prophecy is happening right before our eyes and like birth pains, the predicted events are happening more frequently and more intently. Never, in the history throughout the world have so many forces, including economic, scientific, techno-logic, ecologic, cultural, geopolitical, moral, spiritual and religion, converged together to bring this world that's already teetering over the edge into the abyss, to a point of no return. Jesus said when you see all these signs happening, know that I am near, even at the door (Barry Stagner).

Not only is the Universe stranger than we think, it is stranger than we can think. — Werner Heisenberg.

‘n Studie van Noag, die Nefilim en Eindtye het nie direk met ons redding (verlossing en ewige lewe) te doen nie! Daarom moet ons ruimte laat vir die wyd uiteenlopende sieninge hieroor! Maar kennis van die Nefilim en eindtydgebure is wel baie belangrik om die misleiding in die laaste dae te kan identifiseer! Onthou Yeshua se waarskuwing in Matt. 24:4 – "Pas op dat niemand julle mislei nie...!" Hierdie misleiding het verskillende fasette waarvan ons kennis en insig moet hê.

Doel van die Studie

Hierdie studie sal fokus op die verklaring van Gen. 6:1-4, en veral op die betekenis van “die seuns van God” in vers 2 en 4, en die betekenis van “reuse op die aarde” in vers 4. Tweedens sal die verband tussen Gen. 6:1-4 en Yeshua se profetiese woorde in Matt. 24:37-39 ook ondersoek word. Die doel is om beter te verstaan wat hierdie twee Skrifgedeeltes met eindtydgebure te doen het?

Derdens sal vreemde vlieënde voorwerpe (VVV) (*Unidentified Flying Objects; UFO's*), asook uitheemse besoeke en ontvoerings (*Alien visitation and abductions*) ook aangespreek word. Hou dit verband met Gen. 6:1-4, asook met Yeshua se waarskuwing in Matt. 24:37-39?

Laastens sal die verklaring van “Daardie dae was daar reuse op die aarde en ook daarna” in Gen. 6:4 in die lig van Yeshua se profetiese woorde in Matt. 24:37-39 ondersoek word. Daar sal gepoog word om ondermeer die volgende vrae te beantwoord:

- Gaan daar tydens eindtydgebure weer reuse op die aarde wees soos wat dit voor die sondvloed en ook daarna was?
- Is daar ‘n verband tussen hedendaagse tegnologiese ontwikkeling en die terugkeer van die reuse met eindtydgebure? Is die reuse van Genesis 6 ‘n sinnebeeld van eindtyd se tegnologiese ontwikkeling wat ook God se oordeel van die aarde tot gevolg gaan hê?

Met hierdie studie is dit belangrik om te verstaan dat die sondvloed, en alles wat dit vooraf gegaan het, meer is as net ‘n geskiedkundige feit, want die gebure wat aanleiding tot dit gegee het, is ‘n voorvereiste om die Tanakh, asook die profetiese implikasies van Yeshua se tweede koms te verstaan!

Maar verstaan dat hierdie studie is letterlik net “die oortjies van die seekoei” wat hopelik vir elkeen sigbaar sal word, want daar is soveel meer om te ontdek en te verstaan. Daarom vertrou ek dat

hierdie studie elkeen sal aanmoedig om hierdie onderwerp ook self verder te ondersoek! Ondersoek self die Skrifte om te onderskei of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11). Maar onthou, soms is dit nodig om ook betroubare geskiedkundige en wetenskaplike bronne te raadpleeg om sekere Skrifgedeeltes beter te kan verstaan!

Die Apokriewe (Deuterokanonieke) Boeke

Die Apokriewe, afgelei van die Griekse woord *apokrypha* wat beteken "om iets weg te steek", is die antieke geskrifte² wat nie in die Hebreuse Skrifte (die Tanakh) of in meeste hedendaagse Skrifte ingesluit is nie. Die uitsondering is ondermeer die Septuagint, die Ortodokse Etiopiese Bybel en die Latynse Vulgaat van die Roomse Kerk wat wel sommige van die Apokriewe boeke bevat!! Eers toe die kerk in die vierde eeu staatskerk geword het, was daar amptelike openbare uitsprake oor watter boeke gesagvol is en watter nie. Dit is toe dat die besluit was om die Apokriewe boeke uit die Afgesonderde Skrifte (Bybel; kanonieke boeke) weg te laat.

Die Apokriewe is dus ook 'n omstrede onderwerp, veral of sommige daarvan deel moet uitmaak van die Afgesonderde Skrifte of nie! Een van die mees belangrikste van die Apokriewe, en wat algemeen deur die meeste kundiges as gesaghebbend aanvaar word, is die boek van Henog (Hanokh). Daar is egter drie boeke met die naam Henog. Die eerste boek, bekend as I Henog, en ook as "The Ethiopic Enoch", dateer van voor Yeshua (± 300 vY) en word as die oorspronklike werk en as geskiedkundig betroubaar beskou³. Die ander twee boeke van Henog, naamlik II Enoch, ook bekend as "The Slavonic Enoch" en "The Secrets of Enoch", sowel as III Enoch, ook bekend as "The Revelation of Metatron", dateer na Yeshua en word nie as geskiedkundig betroubaar beskou nie. Dit word algemeen aanvaar dat die apostels 'n goeie kennis van die eerste boek van Henog gehad het waarin etlike hoofstukke gewy word aan die reuse waarna Gen. 6:1-4 verwys!

Die meerderheid kenners aanvaar I Henog, asook die Apokriewe Boek van Reuse (*The Book of Giants*)⁴ se inhoud as betroubaar en as 'n belangrike hulpmiddel tot beter begrip van dele van die Skrifte, naamlik van die kanonieke boeke, en veral vir die verklaring van Gen. 6:1-4.

Met hierdie studie moet ons onthou dat Yisra'el van ouds ook toegang tot ander geskrifte gehad het en waarvan hulle deeglike kennis gehad het. Dan was dit ook die gebruik om by wyse van oorleweringe die nageslag te leer van belangrike geskiedkundige gebeure. Yisra'el van ouds kon dus as 'n geletterde volk beskou word, nie net ten opsigte van die Skrifte van die Tanakh nie, maar ook van ander geskiedkundige gebeure en antieke geskrifte.

Daarom het ortodokse Jode 'n voorsprong op die Christendom omrede hulle van kleintyd goed onderrig word in die Tanakh en die geskiedkundige gebeure met betrekking daarop. Die betekenis van die seuns van God en die reuse waarna Gen. 6:1-4 verwys was dus vir die apostels 'n feit en hulle sou die woorde van Yeshua in die lig daarvan verstaan het.

² "The Apocrypha" refers to two collections of ancient Jewish and Christian writings that have certain affinities with the various books of the Old Testament and New Testament but were not canonized by Christians as a whole: the Old Testament Apocrypha, which are still viewed as canonical by some Christians, and the New Testament Apocrypha, which are not. <https://www.biblestudytools.com/dictionary/apocrypha/>

³ Verwys "The Alberino Analysis – The Book of Enoch: <https://www.youtube.com/watch?v=Er507MsGp0M>., asook The Jewish Book of 1 Enoch with Illustrations: https://www.amazon.com/Jewish-Illustrations-Second-Temple-Literature-ebook/dp/B0813ZWMDT/ref=tmm_kin_swatch_0?encoding=UTF8&qid=1581616663&sr=8-7, beskikbaar by Amazon.

⁴ The Alberino Analysis - The Book of Giants <https://www.youtube.com/watch?v=zEW1k0qU8Sg>

Die Teëstander se Strategie

Wat ook baie belangrik is met hierdie studie, asook van enige ander onderwerp in die Skrifte, is dat die teëstander, Satan, se strategie was van die begin van יהוה se Skepping daarop toegespits om יהוה as Skepper-God en Sy Oppergesag te verwerp en gevolglik Sy Naam (Karakter en Outoriteit) uit te wis en homself in die gedagtes, wil en emosie van die mens in die plek van יהוה-God te vestig! Ons lees van die begin van hierdie strategie in die Tuin van Eden toe die teëstander deur sy slinkse woorde en optrede daarin geslaag het dat Adam en Havah gesondig het deur van die ‘Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid’ te eet. Wat het die deurslag gegee dat Havah van hierdie verbode boom geëet het? Die antwoord vind ons in Gen. 3:1-6.

¹ Nou, die slang was listiger as al die lewende wesens van die veld wat יהוה-God gemaak het en hy sê vir die vrou: “Het God werklik gesê dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie?”

² Die vrou antwoord die slang: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,

³ maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: ‘Julle mag daarvan nie eet of dit aanraak nie, anders sal julle sterf.’”

⁴ Die slang sê vir die vrou: “Julle sal die dood nie sterf nie,

⁵ maar God weet dat die dag as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan en julle soos God sal wees deur goedheid en boosheid te ken.”

⁶ Toe die vrou sien dat die boom goed was om van te eet en dit ’n vreugde was vir die oë en ’n begeerlike boom om jou wys te maak, het sy van die vrugte gevat en geëet en ook aan haar man by haar gegee en hy het geëet.

Let op vers 5! Havah het die leuen van die teëstander geglo toe hy vir haar gesê het dat hulle sou soos God wees! Sy het in die slagyster getrap om die Woord van God te bevraagteken. Hierdie begeerte, naamlik om soos יהוה-God te wees, asook ongehoorsaamheid aan die instruksies van God, is die oeroue sonde van die mens wat in die eindtye toenemend hoogty vier!

Adam en Havah het teen God gerebelleer en hierdie is steeds ’n voortdurende rebellie wat nie net onder heidene heers nie, maar selfs in die Christendom hoogty vier! Die mens wil soos יהוה-God wees en self besluit tussen reg en verkeerd en wil “selfregerend” wees! Die mens wil self besluit wat in God se Woord geglo moet word en wat geminag kan word. Daarom leef ons die eindtye waar יהוה-God as dié Oppergesag oor Sy Skepping toenemend verwerp word! Soos Yesha’yahuh tereg gesê het:

Wee hulle wat boosheid goed noem en goedheid boos; wat die duisternis plaas in die plek van lig en die lig in die plek van duisternis; wat bitter vervang met soet en soet met bitter. Jes. 5:20.

Daar is talle voorbeelde van hoe die teëstander te werk gaan om יהוה as Skepper-God en Sy Oppergesag te verwerp en gevolglik Sy Naam (Karakter en Outoriteit) uit te wis. Een van die bekendste, en mees blatante voorbeelde, is die Evolusie teorie van Darwin⁵ wat deur die meerderheid wetenskaplikes en Christene ondersteun word, selfs deur wetenskaplikes wat bely dat hulle Christene

⁵ Die huidige begrip van evolusie is gebaseer op die teorie van natuurlike seleksie wat oor miljoene jare plaasgevind het soos deur Charles Darwin en Alfred Russel Wallace in 1858 geformuleer is, en wyer bekend gestel was in Darwin se boek “The Origin of Species” in 1859. Uiteraard kry יהוה-God geen erkenning as Skepper-God wat in ses dae alles geskape het nie!

is. Talle Christen geestelike leiers glo ook in evolusie en dit is selfs deel van die kurrikulum by sommige kweekskole! 'n Meer subtiele voorbeeld is die verwerping van יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is! Nog 'n voorbeeld, waarvan min mense bewus is, is die wêreldwye dryf van die filosofie en wetenskap van transhumanisme⁶ wat dit juis ten doel het om יהוה as die ware Skepper-God, wat heers oor die hemele en die aarde, te verwerp en self as god te wil heers! Die oorsprong hiervan is te vinde in die geskiedenis van die Nefilim en die reuse soos wat in Gen. 6:1-4 beskryf word en in hierdie studie bespreek sal word.

Die geskiedenis soos in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is, dien as getuienis en waarskuwing van hierdie rebellie teen God en die gevolge daarvan! Daarom is dit belangrik dat ons 'n studie moet maak van die gebeure in die tyd van Noag wat aanleiding gegee het tot God se oordeel, want dit is 'n heenwysing na dit wat in die einde van dae herhaal sal word!

⁹ Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;

¹⁰ wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;

¹¹ wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen. Jes. 46:9-11.

Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

⁶ Transhumanisme: Die tegnologie om 'n superwese (supermens) te skep. Dit is om die grense van wat 'n mens volgens יהוה-God se definisie is, te oorskrei. Transhumanisme sal later in hierdie studie meer volledig bespreek word.